

A woman's hands are raised, holding several large, clear glass spheres. The spheres reflect the surrounding green foliage. The woman is wearing a gold watch on her left wrist and a gold bracelet on her right wrist. The background is a dense, out-of-focus green forest.

Jy is altyd
welkom





Lied 547: 1

Alle volke klap jul hande;

juig tot eer van God

Verhef jul stem en roem sy Naam

in elke stad op aarde!

Refrein:

Sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want Hy is ewig Koning

in die hemel en op aarde

sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want die Hemelkoning

skenk ons Sy genade!

L 547:2

**Hy is ewig Koning in die
hemel en op aarde!**

**Die volke kniel, die nasies juig
oor al Sy skeppingsdade**

Refrein:

Sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want Hy is ewig Koning

in die hemel en op aarde

sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want die Hemelkoning

skenk ons Sy genade!

L 547:3

**Ons gaan in sy woning in,
Hy roep ons almal saam
die skare juig en horings blaas,
ons almal roem sy Naam!**

Refrein:

Sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want Hy is ewig Koning

in die hemel en op aarde

sing en sing en sing dan saam

loof en prys sy grote Naam

want die Hemelkoning

skenk ons Sy genade!



Jy is so gelukkig om in hierdie huis
groot te word



Matteus 5:1-12

Flam 166

Heer ek kom na U
neem my hart, verander my.
As ek U ontmoet vind ek rus by U.

Want Heer ek het ontdek
dat as ek aan u voete bly
sal al my twyfel wyk
voor die krag van u liefde.

Hou my vas,
laat u liefde my omvou.
Hou my vas, naby aan u hart.
Ek voel U krag en vlieg hoog
soos 'n arend,
dan sweef ek op die wind,
op die vlerke van u Gees
en die krag van u liefde.

Heer, vertoon u mag
u heerlijkheid en u gesag
sodat ons u liefde kan voel in ons.

Heer, leer ons u wil ken
elke dag u stem te hoor
sodat ons mag lewe
deur die krag van u liefde.



Matteus 5:1-12

1-4 – Verhalend: Begin van Jesus se optrede

5-7 – **Redevoering 1:** Bergrede – ingaan in koninkryk

8-9 – Verhalend: Jesus se gesag – 10 wonderwerke

10 - **Redevoering 2:** Opdrag & uitsending van disspels

11-12 – Verhalend: Jode verwerp Jesus

13 – **Redevoering 3:** Gelykenisse oor die koninkryk

14-17 – Verhalend: Christus deur dissipels erken

18 - **Redevoering 4:** Betekenis van dissipelskap

19-22 – Verhalend: Jesus se gesag en uitnodiging

23-25 – **Redevoering 5:** Die koms van die koninkryk

26-28 – Verhalend: Afsluiting van Jesus se optrede

Jesus gee gestalte aan die koninkryk

- 4:23 – Opsomming van Jesus se bediening
 - 5-7 – Prediking of lering van bergpreek
(woorde van Jesus)
 - 8-9 – Weldade en genesings van Jesus
(dade van Jesus)
- 9:35 – Opsomming van Jesus se bediening

1. Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom, 2. en Hy het hulle geleer en gesê:

Die werklik gelukkiges

3. "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

4. Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.

5. Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.

6. Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is,
want hulle sal versadig word.

7. Geseënd is dié wat barmhartig is,
want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

8. Geseënd is dié wat rein van hart is,
want hulle sal God sien.

9. Geseënd is die vredemakers,
want hulle sal kinders van God genoem word.

10. Geseënd is dié wat vervolg word
omdat hulle doen wat reg is,
want aan hulle behoort die koninkryk
van die hemel.

11. "Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My
beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. 12Wees bly
en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers
die profete voor julle net so vervolg."



Neill Blomkamp

2154

Film gaan oor
Max da Costa
stryd om toegang
tot genesing

Skrywer en regisseur
Neill Blomkamp



In ons teks

Die koninkryk
van die hemel

God se Elysium

Ek het die omvang
van die nood gesien





Bergpreek — Jesus leer die
dissipels op die berg



Bergpreek – begin met
saligsprekinge – *Makarios*

Geseënd is...

3 ...afhanklik/ arm van gees is, **want aan hulle behoort koninkryk**

4 ...treur, **want** hulle sal vertroos word

5 ...sagmoedig is, **want** hulle sal nuwe aarde ontvang

6 ...honger en dors na wat **reg** is, **want** hulle sal versadig word

7 ...barmhartig is, **want** hulle sal barmhartigheid ontvang

8 ...rein/suiwer van hart is, **want** hulle sal God sien

9 ...vredemakers, **want** hulle sal kinders van God genoem word

10 ...vervolg oor **reg**, **want aan hulle behoort die koninkryk**

11-12 ...**julle** wanneer mense **julle**...beledig, vervolg en vals beskuldig
Wees bly en verheug, want **julle** loon is groot in die hemel.



Wat beleef mense in die
koninkryk van God?

A person wearing a straw hat and a red top is seen from behind, with their arms raised in the air. They are standing in a field of bright yellow sunflowers. Numerous clear, iridescent bubbles are floating around them, some reflecting the sun and the surrounding greenery. The background is a dense wall of green trees. A dark, semi-transparent triangular overlay is positioned at the bottom of the image, containing white text.

Skree my en jou wese nie na so
'n plek of ruimte van geluk nie?



Jesus keer die waardes van die
wêreld op sy kop – wie is geseënd?



Wanneer sê die wêreld is 'n
mense regtig gelukkig/geseënd?



In 'n Westerse wêreld maak
afhanklikheid net nie sin nie





Jesus wil 'n nuwe wêreld vestig
gebou op nuwe waardes



Geseënd is die wat weet hoe afhanklik
hulle van God is, want aan hulle behoort
die koninkryk van God



Neill Blomkamp

2154

Film gaan oor
Max da Costa
stryd om toegang
tot genesing

Skrywer en regisseur
Neill Blomkamp



Die goeie nuus – jy is só
gelukkig om in sy
koninkryk groot te word

A person wearing a straw hat with a red band is seen from behind, standing in a field of yellow sunflowers. Their arms are raised, and several large, clear bubbles are floating around them. The scene is bright and cheerful, with a soft focus on the background.

Werklik gelukkig?!

Lied 251: 1

Salig dié wat arm voor God is –

hulle erf Gods koninkryk;

en wie treur, dié is gelukkig;

só kan God sy troos laat blyk.

Wie verdraagsaam is, laat Hy

op sy nuwe aarde bly.

L 251:2

**Dié wat honger na wat reg is
hulle sal versadig word.**

**Wie barmhartig langs die weg is,
vind hulself het geen tekort.**

**Dié wat, rein van hart, Hom dien,
hulle sal die Here sien.**

L 251:3

Vredemakers is gelukkig -

hul is kinders van die Heer.

Hul wat ly vir reg en waarheid

weet: God bly nog in beheer.

Wie Hom volg, deur laster heen,

wees verheug - God sal jul seën.

A person wearing a straw hat with a red band is seen from behind, standing in a field of yellow sunflowers. Their arms are raised, and several large, clear bubbles are floating around them. The scene is bright and cheerful, with a soft, slightly blurred background.

Werklik gelukkig?!

VONKK 359:1

Die Heer seën en bewaar jou.
Die Heer se genade is oor jou.
Vrede vir jou,
vrede vir jou.
vrede vir jou vir ewig

Die Heer kyk op en sien jou raak.

Gaan leef in Sy lig van genade.

Vrede vir jou,

vrede vir jou,

vrede vir jou vir ewig.

A person wearing a straw hat with a red band is seen from behind, standing in a field of yellow sunflowers. Their arms are raised, and several large, clear bubbles are floating around them. The entire scene is framed by a white rectangular border.

Werklik gelukkig?!